

21 Desember

Skrifgedeelte: Jakobus 5:7-11  
Fokusgedeelte: Jakobus 5:8

### Nie meer lank nie, dan kom die Here

**D**ie koms van die Here word altyd met uitkoms geassosieer. Hy kom om te red, om nuwe lewensverwagting te bied, om hoop te gee op 'n beter môre.

Die Here se koms is egter nie berekenbaar nie. Daarom vra dit volharding en geloof, soos van 'n boer wat met die vroeë reëns plant in die hoop dat die laat reëns die graan tot volle wasdom sal bring. Volharding vra geduld, en geduld word gebou op die aanvaarding van God se tyd en plan. Soos die koms van Jesus plaasgevind het toe die tyd daarvoor ryp was, so sal ook sy wederkoms op God se regte tyd wees. Hy is nie afwesig nie, maar staan reeds voor die deur as Regter.

Daarom vereis volharding geduld. Ons moet nie kla nie, nie opstandig word nie en nie in ongeloof verval nie. Weet verseker: Die Here Jesus sal weer kom tot seën van elkeen wat bly glo.

*Sing: Psalm 42:5 (Totius)*

*Dr. Callie Opperman*